# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 21

## DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21


Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek.

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het.

Daar staan geskr... die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God ... deur sy wonde het daar vir ons ...g gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misd... gereken is; dat Hy as 'n mi...r deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig v...

Hy het terug... wat Hy nie geroof het nie; Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die ...rdiges gely; Hy h... ...rskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddr... ...geword het wat o... ...ond val en Hy het uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat".


Dit alle... ...y ter wille van die vere... ...sondes ge... ...om tereg saam met d... ...tel Paul... ...ns met julle oor ni... ...s C... ...gekruisigde; da... ...es as ... ve...



Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van die God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek.




Psalm 110:4: Die HERE het 'n eed afgelê en Hy sal nie spyt wees nie: “Jy is priester vir altyd volgens die orde van Melgisedek.

Hebreërs 5:10: aangesien Hy deur God aangewys is as “Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek”.

Hebreërs 7:15-17: Dit is nog duideliker as 'n ander priester opstaan volgens die ewebeeld van Melgisedek – een wat dit nie volgens die voorskrif van 'n menslike gebod geword het nie, maar volgens die krag van onvernietigbare lewe. Daar word trouens getuig: “Jy is priester vir ewig, volgens die orde van Melgisedek.”

## Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil



Romeine 3:24-25: en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus. God het Hom, deur sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van sy geregtigheid; want so het Hy in sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen gedoen is, oorgesien. Hy het sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar

Romeine 5:8-9: God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Hoeveel te meer sal ons dan deur Hom van die oordeel gered word, noudat ons deur sy bloed geregverdig is!


Romeine 8:32: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie?

Galasiërs 3:13: Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.”

Kolossense 2:14: Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en dit blywend weggeneem, toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil




Hebreërs 2:9: Maar ons sien Jesus, met heerlikheid en eer gekroon, Hy wat deur sy lyding tot in die dood vir 'n kort rukkie minder as die engele gemaak is, sodat Hy, deur God se genade, ter wille van almal die dood sou ervaar.

Hebreërs 2:17: Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes.

Hebreërs 9:11-15: Christus egter het gekom as Hoëpriester van die goeie dinge wat nou verwesenlik is, en Hy het deur 'n uitnemender en meer volmaakte tabernakel beweeg wat nie deur mensehande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie van hierdie skepping is nie. Hy het ook nie met die bloed van bokramme en bulkalwers nie, maar eens en vir altyd, met sy eie bloed, die heiligdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerkstellig. Want as die bloed van bokramme en bulle, en die as van 'n jong vers, die verontreinigdes deur besprinkeling wy, met die oog op die reiniging van die liggaam, hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees as vlekkelose offer aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, sodat ons die lewende God kan dien? Aangesien daar 'n dood was, as losprys vir die oortredings, ten tyde van die eerste testament, is Hy juis daarom Middelaar van 'n nuwe testament, sodat dié wat geroep is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

## Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort



Handelinge 2:23: Julle het hierdie man, wat deur die vaste plan en voorkennis van God uitgelewer is, deur die hand van wettelose mense gekruisig en doodgemaak.

Filippense 2:8: het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.

1 Timoteus 1:15: Dié uitspraak is betroubaar, en werd om ten volle aanvaar te word, dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos, van wie ek die heel grootste is

1 Timoteus 2:6: wat Homself as losprys vir almal gegee het, tot getuienis op die bestemde tyd.

Hebreërs 9:22: Feitlik alles is volgens die wet met bloed gereinig; ja, sonder bloedvergieting vind geen vergifnis plaas nie.


1 Petrus 1:18-19: Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.

1 Johannes 1:7: maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

Openbaring 7:14: Ek het hom geantwoord: “Meneer, u is die een wat weet.” En hy het vir my gesê: “Dit is die mense wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle lang stolas gewas, en wit gemaak in die bloed van die Lam.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het.




Lukas 24:25-27: Toe sê Hy vir hulle: “O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?” Hierna het Hy begin om al die Skrifte oor Hom, vanaf Moses en die Profete, vir hulle uit te lê.

Romeine 3:21-22: Maar nou word die geregtigheid van God, waarvan die Wet en die Profete getuig, sonder die wet bekend gemaak. Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo. Want daar is geen onderskeid nie:

1 Korintiërs 15:3: Want die wesenlike wat ek ontvang en ook aan julle oorgelewer het, is: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte;

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS** **Artikel: 21**


Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom;



1 Petrus 2:24: wat self ons sondes in sy liggaam aan die kruishout gedra het, sodat ons, noudat ons ons sondes afgesterf het, vir geregtigheid kan leef – Hy deur wie se verwonding julle genees is.

## Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is;



Jesaja 53:5: Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing.


Jesaja 53:7: Hy is mishandel, maar Hy het Hom daaraan onderwerp en nie sy mond oopgemaak nie – soos 'n skaap wat ter slagting gebring word, soos 'n ooi wat voor haar skeerders stom is. Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Jesaja 53:9: Hulle het vir Hom sy graf by goddeloses gegee, en by 'n ryke was Hy in sy dood, alhoewel Hy nie geweld gepleeg het, en bedrog nie in sy mond was nie.

Markus 15:28: "En die Skrifte is vervul wat lui, 'Hy is saam met die misdadigers gereken'

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is; dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar.




Johannes 18:38: Pilatus sê toe vir Hom: “Wat is waarheid?” Nadat hy dit gesê het, het hy weer na die Jode uitgegaan en vir hulle gesê: “Ek vind geen skuld in hom nie.”

Handelinge 13:28: Alhoewel hulle geen grond vir die doodstraf kon vind nie, het hulle tog by Pilatus daarop aangedring dat Hy tereggestel word.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21


Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie;



Psalm 69:5: Meer as die hare op my kop is hulle wat my sonder rede haat. Hulle wat my wil vernietig, is ontelbaar, hulle wat my ten onregte haat. Wat ek nie geroof het nie, moet ek nou teruggee.

## Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21


Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie; Hy het na liggaam en siel



Psalm 22:16: My krag het uitgedroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; in die stof van die dood laat U my lê.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie; Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely;




Romeine 5:6: Toe ons nog magteloos was, het Christus immers op die regte tyd vir goddeloses gesterf.

1 Petrus 3:18: Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring. Hy is wel liggaamlik doodgemaak, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS** **Artikel: 21**


Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie; Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely; Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val



Lukas 22:44: Hy is deur intense angs oorval, en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos druppels bloed op die grond geval.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie; Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely; Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val en Hy het uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat".




Psalm 22:2: My God, my God, waarom het U my verlaat? Waarom is U ver daarvan om my te verlos, ver van die woorde wat ek uitskreeu?

Matteus 27:46: Teen ongeveer die negende uur het Jesus met 'n harde stem uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtáni?” Dit beteken ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’

Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21


Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde;



1 Korintiërs 2:2: Ek het besluit om by julle van niks anders te weet nie as van Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21


Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde; dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde;



Filippense 3:8: Inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken. Ter wille van Hom, het alles vir my 'n verlies geword, en beskou ek dit as vullis, sodat ek Christus as wins kan verkry,

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde; dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde; dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word.



Hebreërs 7:26-2: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is, wat, anders as die hoëpriesters, nie elke dag nodig het om eers ter wille van hulle eie sondes offers te bring, en daarna vir die volk nie. Want dit het Hy eens en vir altyd gedoen toe Hy Homself as 'n offer gebring het. Die wet stel mense met swakhede as hoëpriesters aan, maar die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

Hebreërs 9:24-28: Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn; ook nie sodat Hy Homself herhaaldelik sou offer nie – anders as die hoëpriester, wat jaar ná jaar in die Heilige met 'n ander se bloed ingaan – aangesien Hy dan dikwels, van die grondlegging van die wêreld af, sou moes ly. Maar nou, by die volheid van die tye, het Hy eens en vir altyd verskyn om met sy offer die sonde ter syde te stel. En net soos dit bestem is vir mense om slegs een maal te sterf, en daarna kom die oordeel, so sal Christus, nadat Hy eenmalig geoffer is om die sondes van baie te dra, 'n tweede maal verskyn aan hulle wat Hom verwag, nie weens sonde nie, maar om hulle te verlos.

Hebreërs 10:14: Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van die God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos.



Matteus 1:21: Sy sal geboorte gee aan 'n seun, en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.

Lukas 1:31: Sy sal geboorte gee aan 'n seun, en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.

Handelinge 4:12: “Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie.”

## Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek.

Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het.

Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is; dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar.

Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie; Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely; Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val en Hy het uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat".

Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde; dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde; dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word.

Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van die God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos.

# Nederlandse Geloofsbelydenis DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Artikel: 21

Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek[1].
Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil[2] deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort[3] soos die profete dit voorspel het[4].
Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom[5]; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is[6]; dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar[7].
Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie[8]; Hy het na liggaam en siel[9] as regverdige vir die onregverdiges gely[10]; Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val[11] en Hy het uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat"[12].
Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde[13]; dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde[14]; dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word[15].
Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van die God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos[16].

1 Psalm 110:4; Hebreërs 5:10; Hebreërs 7:15-17
2 Romeine 3:24-25; Romeine 5:8-9; Romeine 8:32; Galasiërs 3:13; Kolossense 2:14; Hebreërs 2:9; Hebreërs 2:17; Hebreërs 9:11-15
3 Handelinge 2:23; Filippense 2:8; 1 Timoteus 1:15; 1 Timoteus 2:6; Hebreërs 9:22; 1 Petrus 1:18-19; 1 Johannes 1:7; Openbaring 7:14
4 Lukas 24:25-27; Romeine 3:21-22; 1 Korintiërs 15:3
5 1 Petrus 2:24
6 Jesaja 53:5; Jesaja 53:7; Jesaja 53:9; Markus 15:28
7 Johannes 18:38; Handelinge 13:28
8 Psalm 69:5
9 Psalm 22:16
10 Romeine 5:6; 1 Petrus 3:18
11 Lukas 22:44;
12 Psalm 22:2; Matteus 27:46;
13 1 Korintiërs 2:2;
14 Filippense 3:8;
15 Hebreërs 7:26-28; Hebreërs 9:24-28; Hebreërs 10:14
16 Matteus 1:21; Lukas 1:31; Handelinge 4:12